Studie-metodes

Inhoudsopgawe

1. Lees en leestegnieke
2. Sleutelwoorde
3. Begripstoetse
4. Opsommings
5. Navorsing
6. Vergelykings
7. Studie metodes
8. Antwoord van ‘n vraestel

1. Lees en leestegnieke

Om te kan leer moet jy kan lees.

Dit is waar ons groot probleem lê. Ons lees soms so stadig, dat ons brein verveeld raak en belangstelling verloor.

Deur gereeld te lees en leesoefeninge te doen, stimuleer ons die brein en oefen dit. Ons versterk die kennis wat ons het en voeg kennis by.

Hoe lees ons normaalweg?

- Met "klanke" – ons "hoor elke woord wat ons lees.
- Woord-vir-woord – ons lees nie 'n groep woorde saam nie.
- Oogstoppe – ons oë stop te veel kere in 'n lyn of 'n bladsy

Die metodes verhoed dat ons vinnig en effektief kan lees. Daarom sal ons ook langer neem om te leer. As gevolg hiervan skryf kinders langer aan huiswerk, want hulle skryf letter-vir-letter, veral as hulle iets afskryf!

Wat moet ons doen?

Ons moet ons oë leer om net 2-keer in 'n lyntjie te stop en ten minste 3-5 woorde op 'n slag te lees. Met ander woorde die oogspan verbreed

Byvoorbeeld:

Wat sien ek
daar op die
bult? 'n Ding
lyk wit in die
sonlig. Dit lyk
Soos 'n tent

`n Leerling
Hou sy
Oë net op die
Streep en probeer om
Die geskrewe deel te lees. Begin
Met twee of drie woorde in `n reël
Namate die kind vorder kan die aantal woorde per
reël vermeerder. Jy kan ook syfers gebruik.

Bogenoemde is die metronoom metode. Dit is belangrik om stadig te begin en die metodes in te oefen. `n Geoefende brein kan tot 1800 woorde per minut lees! Ons gemiddeld vir `n goeie leser is 250 – 300 woorde!

Jy kan ook aanvanklik jou vinger of `n liniaal gebruik om jou oë gewoond te maak aan vinniger lees.

2. Sleutelwoorde:

1. Wat is sleutelwoorde of sleutel frases?

   Sleutelwoorde is die belangrikste woorde in 'n sin.
   Ons onderstreep die woorde sodat ons die inligting beter kan verstaan.

2. Waar gebruik ons sleutelwoorde?

   a. By begripstoets
   b. Woordsomme
   c. Wanneer ons opsommings maak
   d. Wanneer ons navorsing doen
   e. Wanneer ons 'n vraestel antwoord
   f. Wanneer ons inligting opsoek in naslaanbronne, bv 'n woordeboek, die indekse van bronne en die internet
   g. Wanneer ons beplanning doen of breinkaarte opstel

3. Hoekom gebruik ons sleutelwoorde:

   Deur sleutelwoorde te gebruik verkort ons die inligting en fokus ons net op die belangrikste feite. Sonder die gebruik van sleutelwoorde neem dit ons langer om al die feite te leer en neer te skryf.

   Dit help ons ook om vrae te ontleed en beter te verstaan.

3. Begripstoetse

1. Soorte begripstoetse

    a. Teks as inligting of storie
    b. Teks as feite, opinies en idees
    c. Teks as tabelle, grafieke of statistieke
    d. Teks met die minimum woorde
    e. Teks as komminukasie sonder woorde

2. Hoe beantwoord ek 'n begripstoets:

    a. Vir tekste met inligting, stories, feite, opinies, idees en minimum woorde geld die volgende:

        i. Lees die stuk 1x deur
        ii. Lees die vrae 1x deur
        iii. Lees die stuk WEER deur
        iv. Lees nou WEER die vrae en ondersteep die sleutelwoorde
        v. Onderstreep die antwoorde in jou leesstuk en nommer dit dieselfde as jou vrae
        vi. Nou mag jy eers jou vrae antwoord
        vii. Antwoord altyd in VOLSINNE
        viii. Kyk hoeveel 'n vraag tel sodat jy weet hoeveel inligting jy moet gee
        ix. Let op na vrae wat uit 2 dele bestaan, bv. "Is hy siek? Hoe weet jy dit?" Jy moet altwee vrae beantwoord anders verloor jy punte.
        x. Die vrae word gewoonlik gevra vanaf die eerste tot die laaste paragraaf.
        xi. Nie alle vrae se antwoorde is altyd in die leesstuk nie, soms moet jy dit uitdink.

b. Vir tekste met tabelle, grafieke, statistieke en sonder woorde, geld die volgende:

i. Lees net die opskrifte indien daar enige is of vluglees jou stuk vir ‘n oorsig.
ii. Lees jou vrae en onderstreep jou sleutelwoorde
iii. Vluglees nou jou inligting en ondersteep jou inligting en nommer dit dieselfde as jou vrae.
iv. Antwoord nou jou vrae
v. Onthou om in VOLSINNE te antwoord
vi. Kyk hoeveel ‘n vraag tel, sodat jy weet hoeveel inligting jy moet gee
vii. Let op na vrae wat uit 2 dele bestaan, bv. Is hy siek? Hoe weet jy dit?” Jy moet altwee vrae beantwoord anders verloor jy punte.
viii. Die vrae word gewoonlik gevra vanaf die eerste tot die laaste paragraaf
ix. Nie alle vrae se antwoorde is altyd in die leesstuk nie, soms moet jy dit uitdink.

c. Om ‘n vraag te kan **antwoord** moet jy die vraag kan **verstaan**:

i. Daar is verskillende vraagwoorde wat op ‘n spesifieke manier beantwoord moet word.

d. Hier volg 'n lys van vraagwoorde en watter soort antwoord by elkeen pas:

Vraagwoord	Antwoord
1. Wie	'n persoon
2. Wat	'n gebeurtenis / of 'n voorwerp (iets)
3. Hoe	'n manier / aksie of metode
4. Hoeveel	'n getal of 'n nommer
5. Hoekom	'n rede of 'n gebeurtenis
6. Waar	'n plek of posisie
7. Waarom	'n rede
8. Waarvoor	'n voorwerp (iets)
9. Waarin	'n houer of 'n plek
10. Waarheen	'n plek
11. Waarop	'n plek
12. Watter	'n gebeurtenis of iets
13. Wanneer	Tyd
14. Is, het, sal, moet	Ja/Nee
15. Enige ander werkwoord	Ja/Nee
16. Wat bedoel sy as sy … sê	Gee 'n mening
17. Wat word bedoel met die volgende stelling …	Mening of eie siening / opinie
18. Beskryf	Gee 'n omskrywing
19. Bewys	Gee 'n rede / motivering
20. Hoe weet jy dat	Haal 'n bewys uit die stuk aan
21. Wat dink jy …	Gee jou eie mening / opinie
22. Wat beteken …	Gee 'n verduideliking
23. Volgens wie het …	'n Persoon
24. Haal die sin uit die leesstuk aan…	Soek 'n sin in die leesstuk
25. Noem …	Noem op (gee net die antwoord)

26. Lys…	Maak 'n lys (gee net die antwoord)
27. Soek al die woorde …	Lys net die woorde
28. Gee 'n ander woord vir …	Sinonieme (geniet die antwoord)
29. Sê of die volgende waar of onwaar/vals is	Gee net die antwoord
30. Sê of die volgende waar of onwaar/vals is en mitiveer jou antwoord	Waar/onwaar en gee 'n rede
31. Sê of die volgende waar of onwaar/vals is en korrgeer dei onwaar/vals antwoord	Waar/onwaar en maak die verkeerde antwoord reg

I. Vra 1-24 moet in VOLSINNE geantwoord word asook vrae 30-31.
II. By vrae 25-29 moet NET DIE ANTWOORDE gegee word.
III. 'n Opinie of mening is hoe jy oor iets voel
IV. Wanneer jy 'n sin moet aanhaal moet jy die sin tussen aanhalingstekens " ……." skryf.

4. Opsommings

Die Spinnekop:



Die Vloeidiagram



OF:



OF:



a. Bepaal die opskrif
b. Onthou om altyd die volgende vrae te vra: WIE, WAT, WANNEER, WAAR en HOEKOM
c. As jy die bogenoemde vrae antwoord het jy al die inligting wat jy nodig het vir jou opsomming
d. Skryf die sub-opskrifte / of onder- opskirfte neer en verander dit in vrae
e. Lees die inhoud onder elke opskrif. Onderstreep sleutelwoorde en skryf dit onder elke opskrif nee. **Werk in verskillende kleure vir elke onderopskrif.**

Indien dit vir studie is, kan jy prentjies ook teken.

f. Probeer om sover as moonltik in jou eie woorde te werk.
g. Dieselfde raamwerk word ook gebruik vir beplannings by kreatiewe skryfwerk:

    i. die onderwerp word in die middel (bv die spinnekop) of bo-aan die vloeidiagram geskryf.
    ii. Nou skryf jy jou idees/gedagtes oor die onderwerp neer soos dit in jou kop opkom in sleutelwoord vorm **(onthou die vrae: wie, wat wanneer, waar en hoekom). Werk in kleure veral as dit vir studie is, elke onderafdeling in sy eie kleur.**
    iii. Sodra jy aan niks meer kan dink nie, lees jy jou sleutelwoorde deur en nommer hulle in die volgorde waarin jy jou paragrawe wil skryf
    iv. Jy kan ook sleutelwoorde wat dieselfde / sinoniem is onder een nommer groepeer.
    v. Die sleutel idee word dan jou onderwerpsin van elke nuwe paragraaf.
    vi. Elke opstel / brief ens. moet begin met ‘n inleiding en paragraaf, waarin jy sê waaroor jy skryf.
    vii. Gevolg deur jou inhoud wat gewoonlik uit 3-4 paragrawe bestaan, elkeen met sy onderwerp paragraaf
    viii. Laastens kom jou slot paragraaf waarin jy net kortliks sê waaroor jy geskryf het en jou gedagtes saamvat.
h. Die bogenoemde is ook die metode wat jy gebruik om vir ‘n praatjie voor te berei.
i. Dit is baie belangrrik dat jy eers jou opstel / praatjie op rof skryf en die spel- en taalfoute regmaak voordat jy dit finaal skryf.

5. Navorsing

a. Wat is navorsing?

Navorsing is wanneer jy iets deeglik en krities moet ondersoek. Op skool verwag ons dat leerders ekstra bronne moet gebruik om inligting te bekom oor ‘n spesifieke onderwerp. Dit gee hulle ‘n geleentheid om meer te wete te kom oor sekere onderwerpe wat nie altyd in diepte in die klas bespreek kan word nie.

Skoolprojekte kan positief en pret wees mits dit reg aangepak word. Die eerste oogmerk is dat die opdrag/onderwerp deeglik en duidelik geformuleer moet wees. Die kriteria moet deeglik uiteengesit wees sodat ouers, leerders en onderwysers weet wat word van mekaar verwag.

b. Hoe pak ek die navorsing aan?

i. Ontleed jou vraag / opdrag deur die sleutelwoorde te onderstreep.
ii. Nou moet jy beplan (‘n breinkaart opstel) met al die onderafdelings van die onderwerp (soos met die opsommings)
iii. Begin altyd met naslaanbronne soos ensiklopedieë, want dit gee vir jou ‘n opsomming van jou onderwerp.
iv. Met ‘n naslaanbron moet jy die indeks raadpleeg om seker te maak jy lees al die inligting oor die onderwerp.
v. Werk ook met sinonieme (woorde wat dieselfde betekenis het) om jou onderwerp na te slaan, bv Oorlog = veldslag.
vi. Skryf die inligting by die verskillende afdeling neer in sleutelwoorde
vii. Indien jy nog inligting nodig het kan jy nou ander bronne raadpleeg

viii. Jy mag nooit woord vir woord afskryf nie, **anders pleeg jy plagiaat**. Jy mag ook nie inligting op die internet bekom en net so gebruik nie. Jy moet jou eie woorde gebruik!
ix. Wanneer jy woorde of gedagtes van ‘n ander persoon gebruik, moet dit in aanhalingstekens wees en moet jy noem wie dit gesê het. Ons noem dit ‘n aanhaling.
x. Sodra jy al jou intligting bymekaar gemaak het, moet jy jou onderafdeling nommer en dan in paragraaf vorm oorskryf, soos by die opsommings.
xi. Onthou die inleiding wat moet sê waaroor jou opdrag gaan, jou inhoud wat uit jou onderafdelings bestaan en jou slot wat in kort weer alles wat jy gesê het opsom.
xii. Heel laaste moet jy ‘n bronnelys gee. Dit is ‘n lys van al die bronne wat jy gebruik het om jou inligting te bekom.
xiii. Die formaat is soos volg:
xiv. Wehmeier, Sally, Oxford Advanced Learner’s Disctionary of Current Englsh. Ocrod: Oxford University Press, 2000.
xv. Onthou om altyd prentjies of illustrasie te hê.

6. Vergelykings

a. Wat vergelyk ons?

i. Ons moet OF ooreenkomste gee, OF verskille OF albei
ii. Dit is baie moeilik om die opdrag net te begin skryf daarom moet die opdrag ook eers beplan word met wat bekend is as die Venn-diagram.



In A skryf jy al die inligting van die eerste onderwerp neer.
In B skryf jy al die inligting van die tweede onderwerp neer
In C skryf jy al die kenmerke wat dieselfde is van beide A & B
Dit is nou makliker om 'n paragraaf oor die ooreenkomste, verskille of albei te skryf.

iii. Vergelykings kan ook in tabelcorm gedoen word:

A	C	B
Inligting van A	**Ooreenkomste van A&B**	**Inligting van B**

Die inligting word weereens in sleutelrwoorde op die tabelle aangedui voordat dit in volsinne in ‘n paragraaf geskryf word.

7. Studie metodes:

Oorsig
Vrae
Lees
Opsomming & leer
Kontroleer
Herhaal

OVLOK-H metode

1. **Oorsig**
   Lees al jou studiewerk eers eenkeer deur, sodat jy weet wat jy moet leer.

2. **Vrae**
   Kyk nou veral na jou opskrifte en verander dit in vrae. Dit is gewoonlik wat jou onderwyser ook doen. Sodra jy vrae het weet jy wat om te leer.

3. **Lees:**
   Lees nou jou leerstof deur, maar hoofstuk vir hoofstuk.

4. **Opsomming en leer:**
   Sodra jy 'n hoofstuk of afdeling klaar gelees het, moet jy dit nou opsim met behulp van 'n diagram (spinnekop ens). **Onthou om jou eie woord te gebruik**.

   Na die opsomming moet jy nou eers die hoofdtuk of afdeling leer. (Vanaf jou opsomming)

5. **Kontroleer:**
   Sê nou die werk op of antwoord vrae oor die werk, of skryf die hoofpunte neer om te toets of jy jou werk ken.

6. **Herhaal:**
   Indien jy nog nie die werk ken nie, moet jy wer jou opsommings leer en kontroleer dat jy dit ken.

Hier is ook 'n paar ander metodes wat jy op die proef kan stel:

Wat leer ek?

a. Leer definisies /bentekenis van woorde of begrippe of woordeskat
b. Belangrike name, datums en gebeurtenisse
c. Prosesse en eksperimente

Hoe leer ek nou?

'n Mens leer beter as jy sien, hoor en voel.

Sien:
Ek lees my werk

Hoor
Ek leer / lees hardop sodat ek die inligting kan hoor

Voel
Ek skryf my inligting of ek teken prentjies om my te help om beter te onthou. Ek werk ook in verskillende kleure vir elke afdeling.

Ek kry dit nie in my kop nie, wat nou?

a. Raak eers rustig voor jy leer en sorg dat jou area vry is van goed wat jou kan pla
b. Daar moet genoeg lug en lig wees
c. Jy moenie langer as 40 minute aanmekaar leer nie. Jy kan nie langer as dit konsentreer nie.
d. Rus ten minste 10-15 min tussenin.
e. Wanneer jy rus moet jy weggaan van die area waar jy leer.
f. Luister na Barok musiek terwyl jy leer
g. Moet nie die hele tyd dink oor hoe moelik die werk ie nis, dit veroorsaak dat jy dit nie kan onthou nie.
h. As jy nie die feite kan onthou nie, maar 'n DONKIE, bv.

Rivier
En hoë en
Lae berge
In die land
En
Fantastiese kuste = RELIEF

OF

'n rympie:

Meneer **V**an **A**s
My **J**as
Sal **U** **N**ie

} Name van planete

OF

Maak 'n storie op

OF

Teken prentjies en maak asbsurdhede op

Gaan slaap vroeg en wees ontspanne ander slaan jy so toe soos `n boek!!!

8. Antwoord van 'n vraestel

i. Lees jou instruksies deeglik deur
ii. Lees die vraestel deur. Soms kry jy die antwoordel van vrae later in die vraestel.
iii. Doen die waar- of onwaar- vrae eerste.
iv. Maak seker jy lees die vraag REG.
v. Doen nou die vrae wat jy die beste ken eerste.
vi. Onderstreep die sleutelwoorde sodat jy die vraag ka verstaan
vii. Vertrou jou geheue, veral by waar en onwaar vrae en meervoudige keuse vrae. Jou eerste keuse is gewoonlik reg AS jy die vraag reg gelees het.
viii. Slaan die moeilike vrae eers oor, kom later terug daarna, andes moes jy tyd en hande nie jou vraestel af nie.
ix. Kyk na jou puntetelling om te bepaal hoeveel jy moet skryf, moenie meer doen as wat gevra word nie. Dit mors tyd en jy kry nie meer punte nie.
x. Hou die tyd dop en werk op ongeveer 'n minuut per feit. In die hoërskool is dit 30 sekondes per feit.
xi. Wees baie kalm anders gaan jy jou feite vergeet.

Bronnelys

1. De Klerk, P.F. et al. Lees, Gesels en Skryf. Kaapstad: Maskew Miller Longman
2. De Villiers Pieter Afrikaans: 4 in een. Rustenburg: Proteapark
3. Eye Read Handleiding. Prosper Processes
4. Grove M.C & Hauptfleisch H.M.A.M Remedierende Onderwys in die Primere Skool. HAUM: Pretoria
5. Jacobs Vernon K. Studie Geheime New York: Audio Forum
6. Kda Graad 4 & 7
7. Latti Mari. Gouws Sonja Sukses met Afrikaans. Kaapstad: Maskew Miller Longman